Goeie versorging steeds belangrik

In die algemeen word aanvaar dat vee gevoelige wesens is wat agting verdien. Dit is die plig van mense in die veebedryf om daardie diere te versorg. Daar word egter toenemend gevrees die moderne metodes van veeproduksie diere se welsyn benadeel.

DIE sensitiewe aard van diere, of dit nou wilde diere of mak diere is, en hul gepaardgaande belange om in hul natuurlike omgewing te bly en vry van pyn, wreedheid, manipulasie en ander vorms van mishandeling te wees, word internasionaal erken.

Diere ervaar dieselfde emosies van plesier, gemak, begeerte, angs, vrees, ontsteltenis en lyding as mense. Die wetenskaplike erkenning van die sensitiwiteit van diere oor die laaste twee dekades word weerspieël in die ontwikkeling van die wêreldorganisasie vir dieregesondheid se basiese kontrolelys wat van toepassing is op diere in ons sorg.

Wetenskap

Diereproduktiwiteit en plaaswinsgewendheid word met optimale vlakke van produksie verbind. Voer, teling, bestuur en versorging is nie net tot die dier se voordeel nie, maar ook tot dié van die boer.

Moderne diereproduksie word deur tegnologie en 'n wetenskaplike benadering gerugsteun. Dié vordering word gestaaf deur die stelselmatige groei in opbrengs, voeromsettingverhoudings, drakragsyfers, en die gepaardgaande kapitaalbelegging per dier en arbeidsproduktiwiteit.

Dit lei tot die ontwikkeling van 'n veeteeltbedryf wat gekenmerk word deur groter intensiteit in die manier waarop diere geproduseer word – om gebruik meer doeltreffend te maak en hoër vlakke van ekonomiese uitsette te lewer, volgens die Humane Society International.

Terwyl dié ontwikkelings tot voordeel van die mensdom is in die vorm van hoër, meer voorspelbare en beter vee-uitset teen 'n laer produksiekoste, is dit waarskynlik nie tot voordeel van die diere self nie.

Voordele vir die ekonomie

Die potensiële konflikte tussen dierewelsyn en doeltreffende boerdery kan dikwels opgelos of ten minste verminder word deur die finansiële voordele uit te wys wat beter dierewelsyn aan die gemeenskap en individuele boere bring. Dié voordele sluit hoër winste in deur:

- Laer verktes.
- Beter produkte.
- Beter weerstandigheid teen siektes en minder medikasie.
- Laer risiko van soönose en voedseloordraagbare siektes.
- Groter werkbevrediging vir die boer, terwyl dit ook bydra tot korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en die vermoë om 'n hoër prys van verbruikers te vereis.

Die konflik tussen dierewelsyn en produksie kan deur toekomstige ontwikkelings in teelmateriaal, bestuurspraktyke en nuwe tegnologie opgelos word.

Finansiële voordele herbevestig etiese argumente vir goeie dierewelsyn.

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het 'n aanvanklike maatskaplik-ekonomiese verslag oor die impak van die opknapping van die Dierebeskermingswet met nuwe dierewelsynriglyne bekend gestel.

Die aanvanklike verslag maak die stelling dat swak dierewelsynstelsels in Suid-Afrika die volgende ekonomiese nadele inhou:

- Dit benadeel toegang tot internasionale markte.
- Nismarkte wat 'n premie plaas op die versekering dat diere en diereprodukte goeie welsyn handhaaf, gaan verlore.
- Hoër veterinêre koste vir die bestuur van dieregesondheidkwessies wat voorkom kan word.
- Geskille met drukgroepe in die dierewelsynruimte.

Die departement beskou beter dierewelsynsuitkomste as 'n noodsaaklike sakebeginsel. Verskaffers en maatskappye, beleggers, finansiers en versekeringsmaatskappye beskou dierewelsyn toenemend as 'n maatstaf van doeltreffende korporatiewe regering en maatskaplike verantwoordelikheid.

Klante verwag dit

Verbruikers van lewendehaweprodukte verwag dat diere goed behandel word waarvan hulle die produkte gebruik.

Daar is 'n groeiende vraag na hoër welsynprodukte in Arika en reg oor die wêreld.

Volgens die 2018 *Power of Meat*-opname het 67% van verbruikers wat bewus is van die etiket wat verklaar dat diere menswaardig grootgemaak is, gemeld hulle sal produkte met dié etiket koop.

Die bedryf vereis dit

Die versekering van aanvaarbare produkte wat van diere afkomstig is, is 'n vereiste van bedryfspesifieke kodes van beste praktyk, wat bepalings vir die beskerming en bevordering van dierewelsyn insluit.

Die bedryf het die behoefte geïdentifiseer dat diereproduksie gereguleer word en stipuleer minimum welsynriglyne sodat daar aan 'n basislyn van welsyn voldoen word.

Bedryfsliggame soos die lewendehawewelsynkoördineringskomitee ontwikkel hul eie kodes van welsyn, maar die self-regulasies van bedrywe in Suid-Afrika wat met diere verband hou, kan beskou word as 'n hindernis in die pad van vooruitgang van dierewelsyn.

Dit is belangrik dat riglyne vir die bedryf dierewelsyn as 'n voorrangsaak hanteer en dat dit nie net as produksiekodes beskou word nie. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
DIE BERIG IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**